


FEITEBLAD NO. 1

ORGANIESE

VLEISPRODUKSIE

IN NAMIBIË



Die Namibiese voordeel

Namibiese beesvleis het reeds uitvoerstatus en 'n uitstekende reputasie in internasionale markte. In vergelyking met groot beesvleisverskaffers soos Argentinië of Brasilië, behoort Namibië se beesvleisbedryf nismarkte soos organies te ontgin. Namibiese veldafgeronde veeproduksie voldoen reeds in baie aspekte aan organiese standaarde; dikwels is net geringe veranderinge nodig om bestaande produksie met organiese beginsels en standaarde in lyn te bring.

Organiese veeproduksie

Organiese landbou is 'n produksiestelsel wat fokus op produksie wat die gesondheid van die bodem, ekosisteme en mense bevorder. Dit gebruik ekologiese prosesse en omgewingsvriendelike praktyke en produkte om die omgewing vir almal te bevoordeel. Organiese veeproduksie berus op die beginsel van respek vir die fisiese en gedragsbehoefte van diere, die verskaffing van kwaliteit vleis en organies geproduseerde voer, asook die begeerte na 'n gesonde balans tussen grond, plante en vee.

- **Dierewelsyn:** Organiese veeproduksie handhaaf die sogenaamde 'vyf vryhede' van dierewelsyn. Dit beteken diere is vry van honger/dors; ongemak; pyn, besering of siekte; vrees en nood asook dat hulle die vryheid het om normale gedrag te handhaaf. Organiese bestuur het ten doel om diereprodukte en vleis van hoë gehalte volhoubaar te produseer. Organiese diere is afkomstig van moeders wat organies bestuur word. Roofdierkonflik vereis 'n doelgerigte benadering en verbied die gebruik van gif.
- **Volhoubare weidingspraktyke:** Wisselweiding bou kragtige hoeveelhede veld met hoë voedingswaarde, wat gronderosie voorkom. Indien natuurlike weiding deur bosse of onkruid verdring word, mag die indringers volgens organiese produksienorme nie met chemikalieë behandel word nie.
- **Fokus op die beginsels van gesondheid en sorg:** Diere word toegelaat om hul natuurlike instinkte uit te leef volgens spesies se spesifieke behoeftes. Respekvolle hantering van vee laat nie pynlike verminkings toe nie. Diere moet voorsien word van natuurlike organiese voeding, behalwe in uiterste omstandighede wanneer 'n uitsondering toegestaan kan word.
- **Lekke en voer:** Lekke mag nie ureum (NPN) bevat nie. Fosfaatlekkie moet aan die standaarde voldoen. Sommige

kommersieel beskikbare fosfaatlekkie in Namibië mag in organiese produksie gebruik word. Organiese voere mag nooit geneties gemodifiseerde organismes (GMO's) bevat nie. Besonderhede oor goedgekeurde grondstowwe kan in die onderskeie standaarde se aanhangsels gevind word.

- **Kastrasie en onthoring:** Die Namibiese standaard maak voorsiening vir kastrasie en onthoring sonder narkose voor die ouderdom van ses weke, maar die Europese Unie-standaard laat nie sulke verminkings toe nie, tensy 'n uitsondering deur die sertifiseerder toegestaan word. Dit moet dan met narkose en/of pynstillers, waar toepaslik, gedoen word.
- **Voorkoming eerder as genesing.** Vee moet robuust en aangepas wees om in hul omgewing te floreer, sonder voorkomende veeartsenykundige ingrypings. Parasiete word voorkom deur hul lewensiklus te breek. Behandeling van 'n siek dier is nodig om lyding te voorkom, maar die onttrekkingstydperk voor die gebruik van die diereprodukte word verdubbel. Statutêr-verpligte entstowwe word toegelaat. Herhaalde gebruik van antibiotika laat 'n aangetaste dier organiese status verloor.

Sertifisering van organiese produksie

Daar is twee primêre benaderings tot sertifisering. Uitvoer, byvoorbeeld na die Europese Unie (EU) of die Verenigde State (VS), vereis sertifisering deur 'n geakkrediteerde derdeparty-sertifiseerder. Producente moet voldoen aan die onderskeie organiese standaarde, wat deel is van amptelike wetgewing.

Die Namibiese Organiese Vereniging (NOA) verskaf gedetailleerde riglyne en standaarde vir sertifisering van organiese veeproduksie, wat verdeel word tussen landerye/gewasse (veld) en veeproduksie. Kontak asseblief NOA vir 'n opgedateerde lys van produkte beskikbaar info@noa.org.na of 081 663 3224.

Om binne lands te bemark, gebruik NOA 'n PGS-benadering (deelnemende waarborgstelsel) volgens die organiese riglyne van IFOAM (*International Federation of Organic Agriculture Movements*). Hierdie gemeenskapsgebaseerde versekeringsmeganisme is 'n gehalteversekeringsstelsel wat fokus op plaaslike sertifisering en geanker is in vertroue, sosiale netwerke en kennisuitruiling. Ná suksesvolle assessering mag 'n produsent die "Namibian Organic"-logo gebruik, wat plaaslike geloofwaardigheid verleen aan die organiese aanspraak en toegang tot die organiese kleinhandelmark in Namibië moontlik maak. Die abattoir en/of verwerkers moet ook oor sertifisering beskik om vleis en diereprodukte as organies te mag bemark.

Stappe vir organiese sertifisering

Die eerste stap is dat die produsent die geografiese streek identifiseer waar hy/sy wil bemark, waarna die betrokke sertifiseerder gekontak word. Die verskille tussen die Namibiese verifikasie en sertifisering vir uitvoer na die Europese Unie of Verenigde State word in die volgende tabel uiteengesit:

	Namibiese Standaard	EU/VS Standaarde
1	Produsent word 'n lid van NOA teen N\$350 per jaar.	Produsent vul 'n aansoekvorm in.
2	Produsent mag deelneem aan PGS-assessering van ander produsente om die proses te leer ken. Dit is egter nie verpligtend nie.	Produsent ontvang 'n aanbod vir die sertifiseringsproses, na aanleiding van die kompleksiteit en grootte van die bedryf.
3	Produsent voltooi die PGS-aansoekvorm en verskaf inligting oor die bedryf; betaal assesseringsfooi (kontak NOA vir die huidige tariewe).	Produsent aanvaar die aanbod, teken 'n kontrak met die sertifiserende liggaam en vul 'n vraelys in oor die organiese bedryf.
4	NOA onderneem vooraf interne assessering en mag vrae stel om beter te kan voorberei vir die in-situ assessering.	Inspekteur onderneem vooraf assessering deur vraelys en mag vrae stel om duidelikheid te verkry.
5	In-situ assessering word geskeduleer en NOA-lede word uitgenooi.	In situ-inspeksies word geskeduleer met gewoonlik net een inspekteur.
6	Alle bywoners by in situ-inspeksies deel hul idees, menings, vrae, bekommernisse, ens. Dit is 'n leergeleentheid vir almal, insluitend die produsent.	Ter plaatse inspeksie vind plaas. Inspekteur mag geen advies gee nie; tegniese vrae mag dus nie bespreek word nie.
7	Opvolgwerk aan uitstaande kwessies word gedoen.	Opvolgwerk aan uitstaande kwessies word gedoen.
8	Besluit oor sertifisering word bekend gemaak.	Besluit oor sertifisering word bekend gemaak.
9	Omskakelings tydperk na vol organies is nie minder nie as 2 jaar (terugwerkende erkenning kan verleen word).	Omskakelings tydperk na vol organies is nie minder nie as 3 jaar vir grond en 2 jaar (EU) of 3 jaar (NOP) vir diere (terugwerkende erkenning kan verleen word).

© Namibian Organic Association, 2022.

This factsheet was funded by the Namibian Organic Association as part of the Knowledge Hub for Organic Agriculture in Southern Africa (KHSa). This knowledge product can be copied, reproduced, adapted, translated, used to make derivatives and disseminated for not-for-profit and/or educational purposes only. It cannot be used for commercial purposes in any way, shape or form.

The Namibian Organic Association, the Knowledge Centre for Organic Agriculture in Africa (KCOA), the Knowledge Hub for Organic Agriculture in Southern Africa (KHSa), the German Federal Ministry for Economic Cooperation and Development (BMZ) and the Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH must be acknowledged as the source; but the logos of these organisations must not appear on any adaptation, translation nor derivative.

Ontmoet NOA – Die Namibiese Organiese Assosiasie

NOA is 'n lidmaatskap-gebaseerde organisasie wat in 2009 op die been gebring is deur 'n groep dinamiese produsente en verbruikers, met die gemeenskaplike doel om die organiese landbousektor in Namibië te bevorder.

Ontmoet KHSa – die suider-Afrikaanse kerngroep kundiges oor organiese landbou

KHSa vorm deel van die Afrika-projek met 'n soortgelyke missie (KCOA), wat lande saamsnoer in 'n vennootskap befonds deur die Duitse federale ministerie van ekonomiese samewerking en ontwikkeling (BMZ) en wat geïmplementeer word deur die Duitse genootskap vir internasionale samewerking (GIZ) asook nieregeringsorganisasies. Die projek moedig organiese landboupraktieke aan deur middel van vyf kundighedsorganisasies in Afrika. Die suider-Afrikaanse kundigheds-groepering (KHSa), fokus op Zambië, Suid-Afrika, Malawi en Namibië (gelei deur die Namibia Nature Foundation en NOA). Meer inligting is beskikbaar by die KHSa projekbestuurder vir Namibië: noa@nnf.org.na.



For the full copyright statement scan the QR code.